**SARS se nakomingspogings werp vrugte af en onderstut positiewe inkomste-uitslae ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede**

**Tshwane, 2 April 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag sy voorlopige inkomste-invorderingresultaat vir die 2023/24 fiskale jaar aan.

SARS is in 1997 gestig en is onlosmaakbaar gekoppel aan die land se demokrasie, nou 30 jaar oud. SARS se wetlike mandaat, wat gereeld in sy hoër doelwit uitgedruk word, is sentraal tot die realisering van die belofte van Suid-Afrika se demokrasie. Ons realiseer ons 2020-2025-visie van 'n slim, moderne SARS wat deur almal vertrou en bewonder kan word. Sedert sy inwerkingtreding, het SARS R 21.6 triljoen in netto belastinginkomste ingevorder. Belastinginkomste het gestyg van R114 miljard in 1996, teen 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 9.9% en 'n gemiddelde belasting-tot-BBP-verhouding van 22.2%. Om dit in perspektief te bring, het ons invorderings die afgelope vier werksdae van hierdie finansiële jaar R114 miljard beloop (die totaal wat vir die hele jaar in 1996 ingevorder is).

Teen die einde Maart 2024, het SARS 'n rekordbrutobedrag van R2.155 triljoen ingevorder, 'n jaar-op-jaar styging van 4.2% teen die nominale BBP van 4.9%. SARS het R414 miljard aan belastingpligtiges terugbetaal, die hoogste bedrag terugbetalings ooit, teenoor R381 miljard in die vorige jaar, wat groei van 8.6% verteenwoordig. Dit bring die ingevorderde netto bedrag tot R1.741 triljoen, wat amper R10 miljard meer is as die hersiene skatting en R54 miljard meer as verlede jaar se R 1.687 triljoen is.

BTW-terugbetalings alleen het R343 miljard beloop, wat 7.5% groei verteenwoordig vanaf die vorige jaar. Terugbetalings hierdie jaar verteenwoordig nagenoeg 6% van BBP. SARS is bly om R120 miljard en R37 miljard in terugbetalings na KMMO's en individue, afsonderlik, te kon rig. SARS begryp die verligting wat terugbetalings bring wanneer besighede en individue in kontantnood verkeer.

"Hoewel ons bly is dat die R414 miljard wat na die hande van belastingpligtiges teruggekeer is goed is vir die ekonomie, bly ek besorgd oor terugbetalingsbedrog en -misbruik", sê SARS Kommissaris Edward Kieswetter. In die tydperk ter sprake, het SARS die uitvloei van R101 miljard in ontoelaatbare terugbetalings verhoed.

- Vergeleke die 2022/23 fiskale jaar, het totale belastinginkomste met R54.2 miljard (3.2%) gestyg, gedrewe deur persoonlike inkomstebelasting (R49.5 miljard [8.2%]) op die rug van hoër-as-geskatte vergoeding van werknemers, asook hoër plaaslike BTW (R39.3 miljard [8.1%]).
- Netto persoonlike inkomstebelasting, wat 37.3% van totale inkomste uitmaak, het met R49.5 miljard (8.2%) in 2023/24 gegroei, met indienshouding wat jaar-op-jaar verbeter het en gemiddelde loonbedingingskoerse wat verbeter het van 'n jaarlikse gemiddeld van 6.0% in 2022 tot 6.3% in 2023. LBS-invorderings van aansporings en bonusuitbetalings, hoofsaaklik uit die finansiële sektor, het ook persoonlike inkomstebelasting-inkomste 'n hupstoot gegee.
- Netto maatskappye inkomstebelasting (MIB) het met R31 miljard (-8.9%) gekrimp in 2023/24, terwyl die mynbousektor met R42 miljard afgeneem het, 'n krimping van 49.0% teenoor die vorige jaar. Die MIB-bydrae van groot besighede het met 17.5% gekrimp, terwyl die bydra van klein besighede met 8.8% gestyg het. MIB-invorderings het 18.0% van totale inkomste uitgemaak.
- Die R25.4 miljard groei in netto belasting op toegevoegde waarde (BTW) is hoofsaaklik toeskryfbaar aan plaaslike BTW (op met R39 miljard [8.1%]), invoer-BTW (op met R10.0 miljard [3.9%]), en hoër uitvloei van BTW-terugbetalings (R23.9 miljard [7.5%]).

SARS is vasberade om dit duur en moeilik te maak vir belastingpligtiges wat met opset versuim om hulle verpligtinge na te kom. SARS se nakomingsprogram het teen einde Maart R293.7 miljard bygedra (voorlopig). Dit is 'n styging van R61.9 miljard (26.7%) teenoor die vorige jaar se R231.8 miljard.

Die nakomingsprogram gebruik data, kunsmatige intelligensie en masjien-aangeleerde algoritmes om misdryf en opsetlike nienakoming te bekamp. Sodanige stelsels maak ook seker dat geen regmatige terugbetalings geweier word nie, terwyl dit ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalings verhoed. Voorbeelde van die suksesse van die nakomingsprogram sluit in:

- R91.3 miljard se skuldinvordering uit 2.6 miljoen sake, insluitend R420 miljoen uit 895 000 uitstaande opgawes.
- Vrywillige blootleggings het R3.5 miljard uit 1 435 afgehandelde aansoeke bygedra.

- Waar voorlopige belastingpligtiges hulle belastings onderbetaal het (paragraaf 19[3]), het SARS R19.3 miljard ingevorder uit sake van 28 000 individue, KMMO's en groot besighede.
- Spesiale oudits en ondersoeke het onwettige uitstrominge van R5.7 miljard voorkom, terwyl oudits in die grootsake- en individue-segment R23 miljard uit 341 sake bygedra het.
- Ondersoeke van gesindikeerde misdade het R20.1 miljard bygedra, 147 voorlopige ondersoeke ingevolge bewaringsbevele uitgevoer, en een skema ineengesak wat onwettige finansiële strome uit tabak en goud gefasiliteer het.
- 230 000 doeane-nakomingsinspeksies en -ingrypings is uitgevoer vergeleke die vorige jaar se 235 000 inspeksies. SARS het R8.4 miljard in doeane-verwante aanslae ingevorder wat gelei het tot die uitreik van aanmaningsbriewe. Ons het uitstaande skuld in totaal van R2 miljard ingevorder. Ons het ontoelaatbare eise ten opsigte van die BTW-uitvoeraansporingskema in totaal van R92 miljoen aan bande gelê. SARS het ook 6 550 doeane-beslagleggings met 'n totaal van R6.6 miljard uitgevoer.
- Die breedvoerige werk wat onderneem is behels die voorkoming van inkomste-lekkasiebedrog, ontoelaatbare terugbetalings en skuldgelykmaking. Hierdie werk alleen het R101 miljard bygedra en 1.8 miljoen sake opgelos. SARS bly besorgd oor hardnekkige hoë terugbetalingsrisiko's - 'n kwessie wat ons besig is om op te los.

SARS maak noemenswaardige inbreuk op sy litigasiestrategie wat spreek tot ons strategiese oogmerk om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf, wat behoorlike vertolking van ons belasting- of doeanewette verseker. In die jaar ter sprake, het SARS:

- 110 uitsprake gelewer waarvan 94 sake suksesvol was, wat 'n 84% litigasiesukseskoers beteken.

- 871 kriminele ondersoeke uitgevoer ten opsigte van inkomstebelasting, BTW en LBS. Die bevindinge van 294 van sodanige sake is aan die Nasionale Vervolgingsgesag oorhandig. Vyf-en-tagtig sake is afgehandel deur die

DRAFT

bereiking van skuldigbevindings en tronkstrawwe in totaal van 49 jaar wat uitgedien moet word, wat 'n 95% skuldigbevindingskoers beteken.

Meer as vyf jaar gelede, het staatskaping SARS in nood en ernstige gevaar gelaat. Ons het 'n reis onderneem om die organisasie se beeld te herstel. SARS behaal sukses in sy strategiese oogmerk om 'n belasting- en doeanestelsel te bou wat op vrywillige nakoming gebaseer is. Ons verskerp ons vermoë om opsetlike nienakoming na te spoor en te ontmoedig.

Die herbou van SARS het die uitbreiding van die belastingbasis behels; die inskerping en verbetering van 'n kultuur van vrywillige nakoming en fiskale burgerskap; en die koestering van 'n vaartbelyne kruising van mense, data en tegnologie om ons mandaat te lewer. Ons werk met alle belanghebbendes in die belastingekosisteem saam om vertroue in SARS te bou. Te danke aan hierdie pogings sien ons positiewe resultate:

- Die belastingregister het met 411 000 maatskappye gegroei, waarvan 1 500 R214 miljoen in bruto-inkomste bygedra het in die jaar ter sprake.
- 39 900 nuwe werkgewers het vrywillige vir LBS geregistreer, waarvan 19 000 R2.7 miljard in addisionele belasting bygedra het, wat in totaal R3.4 miljard in die jaar ter sprake beloop.
- 57 700 nuwe BTW-ondernemers het in die belastingregister voorgekom, waarvan 14 200 R4.4 miljard in bruto inkomste in die jaar ter sprake bygedra het.
- Die belastingregister het met 1.1 miljoen individue gegroei.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê:

> Die R21.6 triljoen belastinginvordering verteenwoordig 'n saamgestelde groei van 9.9% per jaar sedert die inwerkingtreding van SARS in 1997. Dit het die Suid-Afrikaanse demokrasie befonds en die lewens van miljoene geraak wat nooddruftig sou wees sonder die regering se ondersteuning en dienste. Ons, wat die voorreg het om by SARS te werk, is met reg trots op hierdie prestasies omdat hierdie pogings direk bydra tot die bou van ons nasie en die handhawing van ons demokrasie.

Hy het bygevoeg dat die inkomste-prestasies van die afgelope 30 jaar nie moontlik sou wees as dit nie was vir die doeltreffende en voordelige vennootskappe wat bewerkstellig is deur met nakomende belanghebbendes in die belasting- en doeane-

DRAFT

ekosisteme saam te werk. Sodanige vennootskappe lewer maksimum voordele vir belastingpligtiges, handelaars, regering en burgers.

Kommissaris Kieswetter het verder gesê dat, "Oplaas, brei ons die werk van ons werknemers uit deur belegging in datawetenskap, tegnologie en kunsmatige intelligensie, jeens die doel om die nakoming van belastingverpligtinge 'n moeitelose proses te maak".

"Ek wil graag my opregte dank uitspreek teenoor alle Suid-Afrikaners, veral nakomende belastingpligtiges en handelaars, asook alle SARS-werknemers vir hulle bydra tot hierdie noemenswaardige inkomste-uitkoms", het mnr. Kieswetter afgesluit.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za.

DRAFT